
# Taffienuus Junie 2023

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Ek kan nie glo dat die jaar reeds in Augustus draai nie. Die Kaap het 'n lekker nat en koue winter gehad en dis steeds nie verby nie. Ons het in Julie ons klub uitstalling in Glen Carlou en dit gaan nog aan tot begin Sept. Ek moedig almal aan wat dit nog nie gesien het nie om te gaan kyk asb. Ons het ook suksesvolle uitstappie na 'n perdeplaas in Rawsonville gehad en groot pret gehad. Hierdie maand is ook ons verjaarsdagmaand – Lees onder aan die nuusbrief meer van die klub se stigtingsgeskiedenis.

Van ons lede het in die begin van die jaar gevoel dat ons dalk na 18 jaar weer na ons logo moet kyk. Ons het voorstelle van die klub gevra en 'n paar ontvang. Die bestuur sal eersdaags daaroor berig.

## 1. Wen-foto's van Julie 2023

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Captain Bradley- Theo Potgieter**<br>**Wenner: Ope en Maand wenner** | **Bone Collector- Quintus Heine**<br>**2de: Ope** |
|  |  |
| **The Hidden Smile – Frank Smith**<br>**Wenner:Swart en Wit** | **Waterlelie- Frank Smith**<br>**2de: Swart en Wit** |

**Baie geluk aan ons wenners en ander goeie foto's.** Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

## 2. Foto redigeer programme:

Ek kry soms van mense navraag oor foto redigeerprogramme. "editing". Toe besluit ek om so oorsig hieroor te gee. (Ek gaan my taal bietjie vermeng met hierdie skrywe omdat sekere bekende terme in algemene gebruikstaal meestal net in Engels tussen ons gebruik word.)

### Deel 1 Bekendste Foto redigeer programme.

**1.1 Lightroom-**

Dit word gereken as die wêreld se gewildste en bekendste redigeer program. Dit is die markleier en het homself al bewys. As jy kommentare lees oor ander redigeerprogramme gebruik hulle altyd Lightroom om hulle programme mee te vergelyk- dit wys ook dat Lightroom die industrie standaard is. Vir Stokperdjie- en – professionele fotograwe wat hulle foto's wil redigeer bied dit alles wat jy wil doen (Lightroom en Photoshop). Dit beteken nie – almal moet dit gebruik nie, maar dit is makliker om 'n program te gebruik wat almal in jou fotografie omgewing gebruik. Vanuit Lightroom kan jy heelwat ander programme ook gebruik as "plug in". Lightroom het natuurlik 'n baie goeie omvattende indeks program vir al jou foto's.
Dit kos 9.99$ (rofweg R180 p/m) dan kry jy al die opdaterings. Dan ontvang jy ook Photoshop, Camera Raw en mobiele applikasies van die program.

**Photoshop**-

Photoshop kom in een pakket saam met Lightroom en Camera Raw met die gewilde Creative Cloud. Photoshop se doel is anders as Lightroom. Wat jy alles met Photoshop kan doen is natuurlik onmoontlik om te bepaal, want jou eie vermoë is die plafon van die program. Jy kan letterlik enigiets daarmee doen. Vir baie kunstenaar fotograwe wat "composites", (saamgestelde foto's); Fine art en Scapes doen is Photoshop hulle "to go" program want as jy dit eers verstaan is dit maklik om elemente in en uit foto's te haal. Dit word saam met Camera Raw gebruik. Baie mense is van mening dat Camera Raw presies dieselfde as Lightroom is – Ek is geneig om daarmee te verskil- miskien is dit waar as jy Photoshop in kombinasie van Camera Raw gebruik – daarom bestaan daar verskillende programme. Camera Raw gebruik jy saam met Photoshop. Camera Raw is die " image developer" en Photoshop die "image editor". Indien jy Photoshop wil gebruik moet jy dit stukkie vir stukkie bemeester. As Foto redigering deel van jou lewe word – is die aanbeveling dat jy dit moet bemeester. As jy Photoshop eers verstaan lyk dit vir my dat mense sê dan gebruik jy dit later vir alles.
Vir die fotograwe waar jy niks in die foto wil manipuleer nie soos bv. die "Nature" afdelings (Natuur-landskappe/ Wildlewe /Voëls / en Fotojoernalistiek – is Lightroom meer as voldoende. Maar daar is tog seker dinge wat Photoshop makliker doen soos "Spot removal"; om jou foto's te raam ens.

1.2 **Luminar** N**eo- Interface**

Die program wat vinnig besig is om Lightroom wêreldwyd in te haal, is Luminar Neo Interface. Heelwat elemente wat Lightroom nie het nie, en wat in slegs Photoshop gevind word – is reeds ingesluit in Luminar. Soos om agtergronde te vervang en "composites " te doen. Hulle reken dat dit vinniger as Lightroom is. Luminar maak ook aanspraak dat hulle die beste program vir beginners is. Hierdie program roem daarop dat hy baie meer kragtig is en aan die voorpunt van Ai "tools" is. Jy kan hier besluit om 'n eenmalige bedrag te betaal of 'n leeftyd intekening te betaal Dit is so 9,50$ (R170) per maand en so R3000 vir leeftyd.

**1.3 DxO Photolab**

Hierdie is 'n soliede alternatiewe foto redigeerder. Dit groei ook in gewildheid. DXO reken hulle Photolab 6 se prosessering vir Raw foto's is meer akkuraat as Lightroom. Dit het uitsonderlike Ai vermoëns om Noise en ander steurnisse weg te neem. Jy kan besluit om slegs die deel te gebruik nl. DxO Pure Raw, wat Noise verwyder van Raw foto's of jy kan die volle weergawe koop – DxO Photolab 6 wat 'n volledige redigeringsprogram is, ingesluit die Noise verwyderaar. Baie fotograwe gebruik die program in samewerking met Lightroom en Photoshop. Dit kos eenmalig omgeveer R3900 vir volledige redigeer program en as jy die

Noise verwyderprogram op sy eie wil koop is dit in omgewing van R2400. Die program is besig om in gewildheid toe te neem.

### 1.4 ON1 Photo Raw

Dit is volgens hulle 'n baie gebruikersvriendelike "all in one" program. Die een kommentator het gereken dat dit veral 'n wonderlike program is vir mense wat nie gewoond is aan redigering nie. Dit is glo baie maklik om te verstaan en gebruik ook Ai in hulle programmering. Hulle het baie soos Topaz ook 'n "deel " wat "Sharpen en Noise verwyder. Die program is nie vir Professionele mense bedoel nie maar vir mense wat Fotografie as stokperdjie beoefen. Die program trek baie aandag op gespreksforums. Dit blyk of jy die program vir R1000 kan koop.

### 1.5 Corel Paintshop Pro

Volgens wat ek gelees het, is hierdie een van die eenvoudigste foto redigeer programme. Vir mense wat 'n eenvoudige werkswyse verlang. Dit is egter nie die mees gevorderde program nie. Dit kos R1600 eenmalig

### 1.6 Affinity

Hierdie program is 'n ernstige kompetisie vir Lightroom/Photoshop. Dit is baie gewild onder amateurfotograwe. As jy in die forum gesprekke kyk wat die gewone Amerikaners gebruik buiten Lightroom, kom Affinity en Capture One se name altyd op. Fotograwe gebruik dit vir hulle daaglikse redigeerwerk. Dit is ook 'n meer omvattende program as Lightroom en kan meer doen. Hulle reken dat heelwat professionele fotograwe – wat nie die tyd het vir detail nie – dit gebruik omdat dit so vinnig en eenvoudig is. Die prys is baie vriendelik met eenmalig R950.

### 1.7 Capture One Pro

Ek het hierdie program ook in 'n forum raakgelees. Dit het ook Foto organiseer funksies soos Lightroom. Hulle roem daarop dat hulle foto's na redigering meer "natuurlik" lyk as Lightroom. Koste is ook 9.99% per maand met 'n leeftyd inskrywing van $129.

**Daar is nog heelwat betaalde programme maar ek gaan hier stop.**

## Deel 2: Gratis Redigeer programme

### 2.1 Dark Table en Gimp

Kom ek begin ook met die meer ernstige gratis programme. Daar is twee ernstige programme wat deur heelwat professionele en amateurfotograwe gebruik word. Dit is Gimp en Dark Table. Albei programme is aanvanklik vir Lunix bedryfstelsels geskryf. Dit is later aangepas vir Windows. Linux is deur IT kundiges ontwikkel as bedryfstelsel en alternatief vir Windows. Daar is in sekere IT kringe in Europa en Amerika 'n groot weerstand teen die monopolie van Windows en die beperking wat Windows en Mac op hulle afdwing. Hulle het toe besluit om 'n bedryfstelsel te ontwikkel wat "open" is en wat enige iemand enige iets mee kan doen. En word baie wyd gebruik. Hulle ontwikkel die programme gratis en daar is wêreldwyd mense wat daaraan deelneem. Al die "open source" programme kan ook op windows en Mac gebruik word. Die internet bediener wat hulle ontwikkel het, is Firefox – wat glo baie veilig is. Hulle het ook 'n gratis "Office program" naamlik Open Office wat baie goed met Microsoft Office kompeteer. Dit kan al MS Office se dokumente oopmaak.

So is daar op fotografie front die program Gimp – ontwikkel as "open source" alternatief vir Photoshop en die program Dark Table – as "open source" gratis alternatief vir Lightroom. Hoewel die programme basies ooreenstem is daar sekerlik verskille. Daar is wêreld wyd professionele fotograwe wat niks anders as die gebruik nie en saamwerk om dit verder te ontwikkel. In ons eie klub is ek bewus van lede wat slegs Dark Table gebruik het. Ek het self 'n draai by Lunix gemaak en ook op Dark Table begin werk. Dit het ook goeie indeks funksie vir jou foto's. Die rede waarom ek na Lightroom geskuif het, is omdat dit duidelik 'n markleier in ontwikkeling is en almal in die fotografie omgewing (PSSA) gebruik dit. Dit help ook as die mense wat jou mentor, en die fotograwe saam met wie jy werk, dieselfde programme gebruik.

Dark Table en Gimp is baie goeie alternatiewe en jy kan uit nuuskierigheid daar gaan ronddwaal. Baie van die "interface" van Dark Table is identies aan die van Lightroom.
*** So daar is definitief 'n goeie alternatief vir mense wat nie die intekening van Adobe -program soos Lightroom en Photoshop kan bekostig nie.**

### 2.2 Photoscape X

Hierdie is 'n gratis, verbruikers vriendelik en vinnige redigeer program. Dit is eintlik 'n fantastiese gratis program as jy wil begin leer. Dit kan self rame om jou foto's plaas, agtergrond korreksies aanbring en al die basiese redigeringssake doen. Jy kan selfs "batch" redigering hier doen. Hulle het wel 'n betaalde weergawe ook ontwikkel (alle ontwikkelaars wil iewers vergoed word – wat ook reg so is) dit is Photoscape X pro.

### 2.3 FastStone Image Viewer

FastStone Image viewer is eintlik nie in die eerste plek 'n redigeerprogram nie, maar dit het paar basies redigerings tegnieke wat 'n beginner goed kan help. Sy waarde is eintlik as Image Viewer (Om na Foto's te kyk). Jy kan maklik foto's oproep, 'n skyfievertoning maak, die metadata kontroleer ens. Ons beveel dit ook aan as jy nog nooit foto's geredigeer het nie – kan jy dit gebruik om te begin. Dit het werklik heelwat "tools" om jou te help as jy vinnige en basies 'n foto moet redigeer.

**Ek het probeer om julle 'n oorsig te gee in redigeerprogramme. Daar is natuur baie meer as wat ek hier bespreek. Dalk help dit julle met 'n paar perspektiewe. As jy 'n foto inskryf vir 'n klub of salon kompetisie weet niemand (hulle gaan ook nie vra nie) watter program jy gebruik nie. Dit gaan oor die eindproduk wat vir jou werk. Ons almal wil graag die program gebruik wat ons foto's vir ons goed laat lyk en wat ons die mees kompeterende voordeel gee.**

Quintus Heine

## 3. Klub prestasie:

- Theo Potgieter het sy APSSA -colour ontvang. Baie geluk Theo – Dis 'n groot prestasie.
- Theo Potgieter het ook deelgeneem aan die IAAP World Cup en 4 aanvaardings ontvang.
- **Ons het die volgende uitstekende uitslae van die Nasionale Salonne van PSSA gedurende Junie/Julie ontvang:**

| | 2nd Kriel Foto club | 2nd SPC National | Western Cape Youth Photog. | 1st Highway Salon |
|---|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 2 | | | 1 |
| Thomas Bothe | 1 | | 1 | |
| Louise de Lange | 1 | 1 | | |
| Philip de lange | 1 | 1 | 1 | |
| Andre de Koker | | 1 | | |
| Christo Giliomee | 4 | 2 meriete en 6 | 6 | 1x meriete en 6 |
| Quintus Heine | 1 | 1 | 2 | 2 |
| Dixon Norval | 6 | 1 silwer m en 9 | 2x silwer medalje en 12 | 5 |
| Theo Potgieter | | 7 | 1x meriete en 3 | 1x meriete en 7 |
| Juliana van Dyk | | 2 | 1 | 4 |
| Adriaan van Zyl | 5 | 1 | | 5 |
| Karen van Zyl | 4 | | 2x meriete, 1x silwer m en 6 | 10 |
| Mariana Visser | | | 5 | |

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Julle hou nie net Tafklub se naam hoog nie – maar elkeen reik na die sterre met hulle foto's !!!**

## 4. AUGUSTUS SE BYEENKOMSTE

- Die volgende vaardigheidsaand is **Dinsdag 8 Aug om 19:00.** Die onderwerp is "High Key". Die spreker is Niel Goslet.
- Die fotografie uitstappie is **11-13 Aug. na Napier. Klub se wegnaweek!**
- Die Julie klubkompetisie is **22 Aug.** en die sluitingsdatum is **16 Aug. Die beoordelaar is Niel Goslet**

## 5. Tafklub se verjaardagmaand

- Tafklub is op 20 Aug. 2005 gestig. Hierdie jaar is ons 18 jaar oud. Ons hou **Dinsdag 8 Aug**. 'n spesiale Sop en Brood aand (by Logos gemeente) saam met die Vaardigheidsaand om ons verjaarsdag te herdenk.
- Ek het die week saam met Jan Swiegelaar die klub se stigter heerlik gekuier en geëet. Jan het my van sy visie destyds vertel en hoe hard hulle gewerk het om die klub op die been te bring. Hy getuig hoe hy die stigting aan die Here opgedra het. Die eerste byeenkoms was in die Biblioteek van Brackenfell. Daar was daardie jare reeds heelwat fotografie-klubs gewees, maar geen Afrikaanssprekende klub nie, daarom was dit vir hom en sy vriende belangrik om die klub te stig om sy stokperdjie in sy eie taal te beoefen. Die bestuur van destyds (Jan, Alicia Greyling; Esmari Wium; Anton Fouche en Riola Swart) het hard gewerk om iets nuuts staan te bring. Later het Esmarie Wium en Johan Bester gesorg dat Sanlam aan boord kom en dit het ons finansieel goed in die begin gehelp om op die been te kom. Dit word toe een van Sanlam se buitemuurse klubs. Dit was in die begin vasbyt gewees. Jan vertel- Hy het soms alleen opgedaag vir 'n byeenkoms, maar nooit opgegee nie. Hy is dankbaar dat elke aspek van destydse visie gerealiseer het en dat daar in die latere jare, uitstekende klublede en besture gekom het om die klub op koers te hou. Vandag is die klub nie meer aan Sanlam verbonde nie, maar selfstandig en daarvoor is ons ook dankbaar.

  **Jan – Namens Tafklub** is ons dankbaar vir jou visie en vir 'n wonderlike fotografieklub. Vandag is Tafklub een van die sterkste klubs in die Wes Kaap met lede wat uitstekend presteer. Dit het 'n klub geword wat landswyd oor grense heen, mense met 'n passie vir fotografie saamvoeg. Tafklub is 'n baie lekker sosiale klub om deel van te wees , maar ons is ook 'n klub wat ernstig is oor fotografie.

## 6. ONS KLUB SE FOTO UITSTALLING BY GLEN CARLOU KUNSGALLERY.

**Tussen 9 Julie tot 3 September word ons klub se foto's by Glen Carlou wynplaas se kunsgalery uitgestal. " Glen Carlou Vineyards, Simondium Road, Klapmuts, Western Cape."**
**Dit is 'n baie bekende kunsgalery. Hulle is ook bekend vir die hoë gehalte uitstallings.**

**Spesiale vermelding**
**Die fotografie-winkel – Orms** het ons baie tegemoet gekom en goeie afslag gegee met die druk van ons uitstalling se foto's. Hulle het Juan se foto's (Ons stal 3 groot foto's van hom uit) gratis gedruk. Gaan ondersteun hulle gerus.

### Ten slotte:

*Onthou: Neem baie foto's !! Om foto's te neem maak van jou 'n dankbare mens. Ons is bevoorreg om die skepping deur 'n lens te bekyk!!!!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus Heine**




# Tafelberg Photography Club

**Opening Sunday 9 July 11am**

A group exhibition featuring
digital photographs by club members

**The Gallery @ Glen Carlou**

Contact gallery@glencarlou.co.za for sales & enquiries